**VREDEKLOOF COMMUNITY IMPROVEMENT DISTRICT NPC**
**Reg. Nr. 2009/019665/08**

**Office Tel.:** 021-981 3303
**Email:** manager@vredekloof.co.za

Minutes of the **Annual General Meeting** of the Vredekloof Community Improvement District NPC that was held on the **28th November 2022** at **18h30** at the **Friend of God Church.**

# MINUTES

1. Registration

   An attendance register was circulated and signed by all present.

2. Welcome & Apologies

   Jacques du Plessis, Voorsitter van die Vredekloof CID Direksie, open die vergadering met skiflesing.

   Jacques du Plessis verwelkom almal by die vergadedering.

   Daar is 'n spesiale verwelkoming aan die volgende persone:

   - Amptenare van die Stad: Joepie Joubert en DJ Steyn,
   - SJC sekuriteit: Charl du Toit

3. Membership

| | |
|---|---|
| 3.1. Members in 2021 | 186 |
| 3.2. Resignations/Moved/Deceased | - 9 |
| 3.3. New members | + 3 |
| 3.4. Total members in 2022 | 180 |

4. Quorum to constitute a meeting

   After the attendance register was signed, a quorum was confirmed.

5. Previous AGM Minutes

   5.1. Approval

   Die Notule van die Algemene Jaarvergadering van 2021 was deur die vergadering goedgekeur

   5.2. Matters arising

   Daar was geen addisonele sake nie.

DRAFT

6. Annual Report – Feedback on SRA's operations 2021 – 2022

6.1. Chairperson's Report

Jacques du Plessis het sy verslag aan die vergadering voorgelees. Sien aangeheg as "Chairperson's Report".

6.2. Manager's Report

This was done by way of a slideshow.

Leon het aan die vergadering getoon hoe Vredekloof voor die ontstaan van die VCID gelyk het met ook 'n oorsig van die jaar se bedrywighede. (Before and after photos).

Some of the slides highlighted the non-service delivery from the City. This included long outstanding re-instatements of burst pipes, broken stormwater inlets caused in a number of instances by the city's own refuse truck, the replacement of old signboards on parks which the city don't have budget for, weed control and mole control, which was also not budgeted for, the tender for mowing that was again not yet resolved for the 3rd cycle in a row. There was no budget to repair or replace sprinklers and the easiest solution to the problem was for the city to just put it off. We were informed via the Sub council that the maintenance will take place over a 3-year period which was a bit ridiculous, so we started to repair and replace some of them ourselves. He also provided an example where the city's tender that was available (without budget) to replace the fence on the Wessel Lourens Park was for R250,000-00. The VCID did some research, and they can replace the same fence for ±R50,000-00.

Crime-wise we also had a very good year. Only one real incident was reported which was a burglary residential that occurred from the R300 during loadshedding. The resident also informed us that they suspect that their domestic worker could have been involved. He thanked the security staff for their contribution, sometimes under difficult circumstances as well as extreme weather conditions.

Leon also congratulated Mrs Daniel, a resident of Vredekloof, who turned 100 in October 2022.

DRAFT

7. Noting of Audited Financial Statements 2021 – 2022

Leon Brynard handled all the financial aspects and reminded all present that the Financial Statements is also available on the Vredekloof website. The financial statements were noted and accepted.

(A resident who had to leave early had a question with regards to the additional income and the amount of trade payables. We agreed to provide him with the information at a later stage)

8. Budget

8.1. Approval of the budget for 2023/24

The proposed budget for 2023/24 was approved.

8.2. Approval of surplus funds utilisation for 2023/24

The proposed surplus funds utilisation for 2023/24 was approved.

9. Approval of Implementation Plan 2023- 2024

The implementation plan for 2023/24 was approved.

10. Appointment of a registered auditor

Die vergadering het die her-aanstelling van die firma Haumann Rodger as ouditeure goedgekeur.

11. Confirmation of Company Secretary

The reappointment of Lourez Swart as Company Secretary was approved by the meeting.

12. Election of Board Members

In terme van die bepalings van die Akte van Oprigting, het die volgende lede bedank, maar het hulself weer beskikbaar gestel:

- Hannes Wolfaardt
- Rocco van Wyk

Dit is so voorgestel en deur die vergadering aanvaar dat hulle weer op die Direksie kan dien.

13. General / Q & A

1) (V) Daar was 'n artikel in 'n koerant wat gehandel het oor die riool in Vredekloof. Is die probleem al opgelos?

(A) Die Stad se infrastukstuur is al oud. Die woonbuurte brei uit, maar die Stad se infrastuktuur kan later nie meer alles dra nie. Tans is die probleem opgelos.

(V) Die inwoner sê baie dankie vir die dromme wat by die ingange geplaas is. Hy wil net weet of daar enige nuus is oor die ontwikkeling op die Gomes plaas?

(A) Op die oomblik is alles stil oor hierdie aansoek, maar daar sal seker weer 'n rondte kom om beswaar aan te teken. Die ontwikkelaars kry dan kans om na die besware te kyk en terugvoering en antwoorde te gee.



DRAFT

(V) Wat is die proses om ‘n spoedhobbel te kry en wat kos dit?
(A) Vredekloof was voorheen deel van Wyk 102 wat deel is van Subraad 2, maar is nou deel van Wyk 103 wat weer deel is van Subraad 7. Ons het reeds in 2018 heelwat voorstelle ingedien by Subraad 2 en die veranderinge nou weer die proses vertraag. Leon en die Wyksraadslid, Raadsheer Gerhard Fourie het wel ‘n terreinbesoek gedoen sodat die Raadslid hom van die versoeke kan vergewis. Die koste van spoedhobbels kan enige iets van R25k tot R30k beloop en word gewoonlik uit die Raadslid se wyksbegroting befonds. Daar is sekere prioriteite waarvan die kruisings by die skool ook deel is.

(V) Hoe gaan die surplus fondse tot voordeel van alle inwoners van Vredekloof benut word?
(A) Ons kyk daarna om ons eie beheerkamer op ‘n onderbenutte oopruimte in te rig. Ons gaan die grond by die Stad huur en dan selfversorgend probeer wees. Die meeste van ons surplus fondse is geoormerk vir hierdie projek en op hierdie manier sal ons baie bespaar tot voordeel van alle inwoners in Vredekloof.
(V) Die inwoner wou ook weet wanneer word daar nog ‘n paadjie op die Wessel Lourens park gebou?
(A) Leon deel die vergadering mee dat hy reeds besig is met die beplanning daarvan, maar dat die addisionele werkslading a.g.v. dat Stad wat nie tans die parke onderhou nie het ons beplanning ‘n bietjie vertraag.

(V) Mev. Moerdyk wil weet wanneer word die sand by Mushet park verwyder?
(A) Daar was beplan om ‘n “bike park” vir die kinders te maak. Dit het nie by Lanzerac gewerk nie a.g.v. teenkanting deur aangrensende inwoners. Ons het dieselfde ervaring by Wessel Lourens en Peperboom park gehad en dus die gedagte laat vaar. Intussen het die gedagte weer opgekom en beplan ons om moontlik daardie grond te skuif na die Wingerd Park waar ons ook meer speelapperaat en ‘n buitelig gym wil vestig.

(V) Kan daar dalk langs die kerk nog parkering gemaak word vir die skool?
(A) Parke het ingestem dat daar nog parkering op ‘n gedeelte van hierdie grond vir die skool en die kerk gemaak kan word. Die voorwaarde was dat dit formele parkering moet wees wat behoorlik geteer of plavei is. Die Stad gaan nie die koste dra nie en lyk dit ook nie of die kerk of die skool tans bereid is om die geld te spandeer nie.

(V) Daar word gesien by die Wessel Lourens Park is daar bedrywigheide van kinders?
(A) Daar is ongelukkig nie veel wat ons daaraan kan doen nie want dit is ‘n publieke oopruimte wat oop is vir almal. Daar is wel sekere aktiwiteite wat verbied word, bv. harde

DRAFT

musiek en kan ons dit aanspreek. Ons monitor wel die park en dra wel kennis van die “drug” voertuie wat in die area kom wat ons ook monitor.

(V) Wat gaan ons lok as ons die “bike park” maak, groot kinders wat gaan kom afbreek of klein kinders om te kom speel?
(A) Ons gaan kamera’s daar opsit en dit monitor. Op so manier kan ons die kinders wat die goed breek se ouers inkennis stel en die kinders aanspreek.
(Die gedagte het weereens heelwat negatiewe kommentaar van die vergadering ontvang en word daar dus oorweeg om maar die gedagte van ‘n “bike track” te laat vaar)

14. Adjournment
The meeting adjourned at approximately 20h15.

| | | |
|---|---|---|
| ___________________________ | ____________________ | _______________________________ |
| Voorsitter | Datum | Uitvoerende Beampte |

DRAFT